## *VAN DER ROSS, R.E. : THE RISE AND DECLINE OF APARTHEID.*

CAPE TOWN: Tafelberg. pp416, R40 & AVB.

Van der Ross dra hierdie werk op aan sy kleinkinders met die hoop dat hulle 'n beter Suid-Afrika as hyself sal beleef. Inderdaad kan hierdie publikasie 'n besondere bydrae lewer om juis hierdie versugting te verwerklik, omdat die skrywer nie as 'n verbitterde skryf nie, maar as 'n verbasend objektiewe verteller van die lotgevalle van die bruin gemeenskap vanaf 1880 tot die hede.

Die eerste nege hoofstukke handel oor die tydperk 1880 tot 1945 en die daaropvolgende elf hoofstukke neem die tydperk na 1945 onder die loep. Daar is verder 'n aantal interressante foto's in die teks opgeneem asook nege aanhangsels uit relevante dokumente.

Die stryd van die kleurlinggemeenskap om die behoud van sy politieke regte vorm die goue draad van die verhaal. Dit is so dat die geskiedenis van die bruinman oor dekades verwaarloos is en Van der Ross se gebalanseerde siening vul 'n leemte in ons historiografie. Opvallend is die ambivalansie van die blanke teenoor die kleurling wat telkens na vore kom - 'n dubbelslagtigheid wat byvoorbeeld sterk by 'n persoon soos Smuts uitslaan. Dit is egter nie hierdie dubbelslagtigheid wat die vernaamste meriete van die publikasie is nie, maar die historiese objektiwiteit van die aanbieding. Dit is 'n komplement vir die skrywer omdat politieke diskriminasie ook in 'n sekere sin sy lewensverhaal was. Die skrywer het egter nooit toegelaat dat sy betrokkenheid sy oordeel onnodig verduister nie. Trouens, die skrywer se persoonlike betrokkenheid as onderwysleier, stigter van politieke partye, politieke kommentator en gerespekteerde leier in sy gemeenskap, verhoog die waarde van die publikasie. Dit tref dat hy die vooroordele van die witman ken, maar nie verbitterd in sy analise raak nie (vergelyk byvoorbeeld pagina 115 e.v.).

Die geskiedenis van die kleurling sedert 1880 is ook in 'n sekere sin die verhaal van verspeelde kanse deur die witman - en soms selfs heelwat erger as dit. Die verwydering van die bruinman van die gemeenskaplike kieserlys was vir my die pynlikste bewys van ons onvermoë om die demokrasie bo ideologiese oorweginge te stel. Van der Ross sug: "The Coloured people were flabbergasted. In many circles there was an athmosphere of disbelief that these tactics could be employed to take their rights from them . . . Today, thirty years later the scars have not healed." (p285.)

Hoewel die publikasie soms effens verval in te veel detail vir die leke belangstellende, is die onderliggende boodskap steeds aangrypend. Dit is die verhaal van kleurvooroordeel se rol in ons geskiedenis en die wroeging, frustrasie en emosies wat dit ontketen. Miskien kon Van der Ross selfs meer krities geëvalueer het en sy eie belewing sterker na vore gebring het. Nietemin is dit 'n broodnodige stuk geskiedenis wat elke kieser ter hand behoort te neem voordat hy sy kritiese oordeel fel oor ons geskiedenis. Dit ly geen twyfel nie dat saam met Giliomee (sien elders in die uitgawe) gestem moet word dat "this study belongs to that rare category - books that can fundamentally change people's views of political realities, past and present". Hoofsaaklik omdat die witman hier met 'n perspektief konfronteer word wat hy uiters gebrekkig ken en dikwels nie eers van bewus is nie, is hierdie publikasie so uiters noodsaaklik in ons gepolariseerde gemeenskap.

M.H. Trümpelmann